

9 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 7:1-12

Fokusgedeelte: Matteus 7:11

God is 'n beter ouer as wat ek ooit kan wees!

Mense het nog altyd God se Vaderlike sorg bevraagteken. “Hoekom laat Hy toe dat sulke verskriklike goed met my gebeur? Hoe kan ‘n God wat lief is vir sy kind vir hom kanker gee? Waar is die God van geregtigheid dan as daar soveel onreg in die wêreld is?”

Maar Jesus herinner ons daaraan dat God ‘n baie beter ouer is as wat ons ooit kan wees! Nie een van ons sal tog vir sy seun ‘n klip gee as hy brood vra of ‘n slang as hy vis vra nie. “As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan die wat dit van Hom vra?”

Partykeer dink ons dalk die Here het vir ons ‘n klip of ‘n slang in antwoord op ons gebede gegee, veral as dit met ons sleg gaan. Hou dan daaraan vas dat God ‘n beter ouer is as wat ons ooit kan dink om te wees! As ons dink ons het ‘n klip of ‘n slang gekry, lê die fout nie by God nie, maar by ons! Kyk mooi, kyk met geloof in God se Vaderskap en jy sal sien: Dit wat soos ‘n slang of ‘n klip lyk, is eintlik ‘n brood of ‘n vis!

Sing: Psalm 23:1

Ds HPM van Rhyn (Wilropark)